Rhebokskloof Landgoed 2025

ROETE:	Paarl Trails sirkelroete	DATUM:	14/06/2025

KOMMENTAAR

Ons was sestien stappers wat die relatief nuwe staproete van Paarl Trails by Rhebokskloof aangedurf het. Die wintersdag se klimaat was net reg en dis beslis 'n goeie tyd van die jaar om in die Paarl-omgewing te stap. (Met Mei se recce-stap het die sweet ons nog afgeloop!). Die roete self bied skouspelagtige uitsigte oor die Paarl vallei, wingerde en bos. Op die plaas self is enorme aanbouings onderweg wat die landgoed waarskynlik meer eksklusief in die toekoms mag maak. Flat Rock ('n groot klipplaat) was 'n mooi baken onderweg en het net bietjie laat gekom vir die "brunch break". Plek-plek moes mens konsentreer met die ondervoet, bv grondhellings wat duidelik daargestel is vir bergfietsryers wat dele van die roete deel. 'n Tou-gly opsie was groot pret - Katinka, Kobus en Edna se kleindogter wat saamgestap het, het dit veral geniet! Algeheel was dit 'n aangename maar stewige 2A-stap en almal het saamgestem dat die natuurskoon dit die moeite werd maak. 'n Besliste punt van kritiek: agv die verskeidenheid roete-opsies is padmerkers en -aanwysings (hoewel daar baie is) met tye verwarrend. Ons moes teen die einde improviseer en weg van die pyle afbeweeg om klaar te kon kom. Die roete-organiseerder Darren (Paarl Trails - nie deel van die Rhebokskloof opset nie - niemand by die landgoed self weet trouens veel oor die roetes nie) was vriendelik en het vooraf en by navraag tydens die stap telefonies probeer help met verwarrende roete-aanwysings. Sy raad van "volg net die swart stapperbordjies" was egter uiteindelik van min praktiese waarde. Die roetes blyk vernaamlik met fietsryers in gedagte ontwikkel te gewees het, bv dele loop baie zig-zag - minder ideaal vir stappers. Ook was die webwerf se geadverteerde 10km afstand redelik onakkuraat. 'n Toekomstige herhaling van hierdie stap of gebruik van een van die ander Paarl Trails roetes (bv. by Fairview) moet ideaal met 'n deeglike vooraf recce-stap gepaard gaan, wat uiteraard permitkoste vir die toetsstappers sal behels. Ons was spyt dat ons nie maar 'n tweede recce gaan probeer doen het nie - met die eerste poging het die landgoed-personeel ons heeltemal verkeerd adviseer. Maar eind goed, alles goed! Dankie aan die besoekende Bothas wat met die meting gehelp het.

STAPPER	LIDNOMMER	KM	Meters geklim	OPMERKING
Freddie Pohl	090/2025	12	312	
Susan Pohl	091/2025	12	312	
Kobus Terblanche	041/2025	12	312	
Edna Terblanche	040/2025	12	312	
Gerna Hough	131/2025	12	312	
Hanna Jacobs	140/2025	12	312	
Miranda Myburgh	092/2025	12	312	
Rassie Pretorius	169/2025	12	312	
Arina van Eck	147/2025	12	312	
Arie van Eck	148/2025	12	312	
Lieneke du Toit	104/2025	12	312	
Kotie Steyn	Besoeker	12	312	
Lizette Opperman	Besoeker	12	312	
Katinka Steyn	Besoeker	12	312	
Daniel Botha	Besoeker	12	312	
Elsabe Botha	Besoeker	12	312	
Sinmarie Pieterse				Onttrek
Riel Tredoux				Onttrek
	TOTALE:	**192**	**4992**	

NAME OP WAGLYS	
Geen	

VERSLAG DEUR:	Freddie Pohl